Publication: Beeld, Saturday (Sport)
Publication Date: 12 May 2018
Page: 35

AVE: 19800.00
Circulation: 36105
Part: 1 of 1



# Jaguars sal ligatitel met oorgawe verdedig

**Annchen Nel**

As die verdedigende kampioen in die Brutal Fruit-netballiga is die Noord-Gautengse Jaguars heeltemal bewus daarvan dat hulle met 'n teiken op die rug speel.

Maar met die kern van verlede jaar se wenspan steeds behoue, plus 'n paar talentvolle jongelinge om vir entoesiasme te sorg, is die afrigter, Jenny van Dyk, glad nie bekommerd nie.

Dié trofee, sê Van Dyk, gaan hulle nie sonder meer afstaan nie.

Die Brutal Fruit-liga het gisteraand in Johannesburg se Ellispark-arena afgeskop, met eers 'n wedstryd tussen die Noord-Kaapse Diamonds en KZN se Kingdom Stars, voor 'n kragmeting tussen die Vrystaat Crinums en Mpumalanga Sunbirds.

Teen druktyd was die uitslae van dié wedstryde nog nie bekend nie.

Die Jaguars se verdediging van hul kroon skop vandag af met 'n wedstryd teen die einste Diamonds. Môre wag die Wes-Kaap se Stings.

Die Pretorianers se groep het nie veel verander nie, maar hulle is versterk met die insluiting van die veteraan-Protea-senter Erin Burger.

Burger was vir jare 'n Kapenaar, maar is nou weer terug in die hoofstad, waar sy as jongeling haar eerste treë na grootsheid gegee het.

Shadine van der Merwe is steeds die kaptein.

"Sy is 'n waardevolle speler en leier. Dat sy nou eindelik deel van die Protea-span is, beteken baie vir haar," sê Van Dyk van haar kaptein.

Van der Merwe, Izette Griesel en Tshina Mdau neem deel aan hul vyfde Premierliga-reeks.

Van Dyk is ook in haar vyfde jaar aan die stuur van sake.

Haar hulpafrigter is Rozanne Matthyse, wat in 2017 gespeel het, maar toe uitgetree het.

Van Dyk glo vanjaar se toernooi sal meer mededingend wees.

Die topvyf spanne het verlede jaar groot oorwinnings oor die onderste spanne behaal, maar die Jaguars-afrigter voorsien nie 'n herhaling daarvan nie.

Van Dyk glo die Crinums van die Vrystaat, driemalige kampioene, sal sterker teenstand bied en sy sien uit daarna om Vanes-Mari Proudfoot vir die Flames te sien speel.

Dié naweek en volgende naweek se wedstryde vind plaas in die Ellispark-arena in Johannesburg.

Die aksie skuif daarna na Tuks se Rembrandt-saal.

Die eindstryd vind op 17 Junie plaas.

■ **Jaguars-groep:** Akosua Mensah, Chantë Louw, Chantelle Swart, Danielle van Zyl, Erin Burger, Ine-Mari Venter, Izette Griesel, Jasmine Ziegelmeier, Jeantë Strydom, Lungile Mthembu, Marlize de Bruin, Melodine Jacobs, Shadine van der Merwe (k), Shongile Hlungwana, Tshina Mdau.



**Erin Burger versterk die Noord-Gautengse Jaguars.**
Foto: GALLO IMAGES

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.